OPWINDENDE LOOPBAANGELEENTHEID

CERES, WES-KAAP

Leading the way

Ceres FRUIT GROWERS

Ceres Fruit Growers (Edms) Bpk, een van die leidinggewende vrugte-, verpakking- en bemarkingsmaatskappye in SA, benodig 'n energieke en professionele persoon in die volgende betrekking by sy Ceres aanleg:

VERKOELINGSTEGNIKUS - ELEKTRISIËN:

Die koelopberging van vrugte vorm 'n belangrike deel van ons werksaamhede en ons beskik oor uitgebreide verkoelingsgeriewe wat gewone sowel as beheerde atmosfeer koelopberging insluit. Ons verlang die dienste van 'n toepaslike gekwalifiseerde Elektriese Ambagsman wat in besit is van ten minste 'n N3 gelykwaardige kwalifikasie, asook 'n suksesvolle voltooide vaktoets. ***Ondervinding van ammoniak-verkoelingsinstallasies sal u aansoek versterk.***

Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelikheid aanvaar vir: *• Foutoplossing en instandhouding van elektriese beheertoerusting, wisselstroom aandrywings en ander industriële elektronika, Ad hoc elektries installasies in verkoelingsomgewing, herstelwerk, foutopsporing op alle ammoniak verkoelingstoerusting (Elektries) • Deurlopende inspeksies en rekordhouding van instandhouding en veiligheidstelsels • Afwisselende bystandfunksie (na-ure en naweke).*

Ons bied 'n markverwante, prestasiegedrewe vergoedingspakket, aangevul deur die voordele en aangename werksomstandighede wat met 'n vooruitstrewende maatskappy vereenselwig word. Die vergoedingspakket is onderhandelbaar ten einde die regte kandidaat te werf.

Stuur asb u aansoek, met vermelding van u huidige vergoedingspakket en drie kontakbare verwysings, aan Die Bestuurder: Menslike Hulpbronne, Ceres Fruit Growers (Edms.) Beperk, Privaatsak x67, Ceres 6835 of e-pos: hr@cfg.co.za

Sluitingsdatum: Vrydag 26 November 2021

Indien u nie binne drie weke na die sluitingsdatum van ons verneem het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.

In ooreenstemming met ons Beleid op Gelyke Indiensneming, sal toepaslike gekwalifiseerde persone vanuit die geïdentifiseerde groepe voorkeur ontvang.

000000-DB131121